# Noah's Ark Independent Primary School

| | |
|---|---|
| Subject: Afrikaans | Examiner: Smith, M |
| Type: End of Term 1 Assessment | Moderator: Teles, K |
| Date: 7 April 2021 | Grade: 5 |
| Marks: 75 Marks | Time: 1 hour 45 minutes |

Naam:

**Instruksies:**

Lees die vrae aandagtig deur voordat jy begin skryf.

Maak seker dat jy al die vrae beantwoord.

Skenk veral aandag aan spelling, taalfoute en sinskonstruksie.

Skryf netjies en leesbaar.

## Afdeling A : Lees en Kyk

"Beukes!" het Mnr Snyman geskree. "Jy's alweer laat! Maak nou 'n gewoonte hiervan, nê?"

"Nee, Meneer. Jammer Meneer," het Klaas Beukes gehakkel terwyl hy rooigesig oor die sakke in sy klas gestruikel het op pad na sy sitplek. Met verligting het hy in sy stoel gesak en sy lang blonde hare wat oor sy voorkop geval het, opgeblaas, 'n onbewuste gebaar wat sy vriende laat glimlag het. Maar Mnr Snyman het nie geglimlag nie.

"Dis die derde keer in drie weke, Beukes. Vertel hoekom of wil jy eerder in Meneer Spies se oor fluister?"

Met die noem van die hoof se naam het Klaas sommer bleek geword. Hy het sy lessenaar met albei hande vasgegryp. "Nee, ag nee, Meneer. Ek meen, ek wil nie vir Meneer Spies vertel nie. Dis my ma se kar wat nie vroeg op 'n koue morê wil wat nie, Meneer, en dan is ek laat vir skool. Baie jammer, Meneer."

1. Wie was laat? (1)

________________________________________________

2. Waar het hierdie insident gebeur en hoe weet jy? (3)

________________________________________________

________________________________________________

________________________________________________

3. Watter bewys was daar dat Klaas skaam was om laat te wees? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

4. Wat het Mnr. Snyman vir Klaas geskree? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

5. Wie is Mnr. Spies ? (1)

_______________________________________________

6. Waarom was Klaas laat? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

7. Watter kleur was Klaas se hare? (1)

_______________________________________________

8. Wat het Klaas gedoen toe Mnr. Spies, die hoof se naam noem? (2)

_______________________________________________

_______________________________________________

______/15 (Afdeling A)

Afdeling B : Taalstrukture en konvensies

Vraag 1 Skryf die volgende sinne oor in verlede tyd. (3)

a. Die mense hardloop almal na die ongelukstoneel.

_______________________________________________

b. Ronald glip by die skoolhek uit.

_______________________________________________

c. Die dief hardloop weg.

_______________________________________________

Vraag 2 Gee die meervoude van hierdie woorde. (3)

a. mens ______________________________

b. karavaan ___________________________

c. klas ______________________________

Vraag 3 Onderstreep die regte voegwoorde wat die volgende sinne verbind. (3)

a. Dit reën nogtans speel hulle buite.

b. Sy is siek daarom is sy by die huis.

c. Johan speel sokker maar Piet speel ruby.

Vraag 4 Gee die afkorting van: (3)

a. administrasie __________________

b. mevrou __________________

c. asseblief __________________

Vraag 5 Gee die versamelnaam vir die volgende. Gebruik die woorde in die blokkie. (3)

| | | |
|---|---|---|
| swerm | tros | werpsel |

a. 'n ________________ hondjies.

b. 'n ________________ bye.

c. 'n ________________ druiwe.

Vraag 6 Skryf die verkleinwoord in die blokkie teenoor die sin waar dit pas. (3)

| | | |
|---|---|---|
| bootjie | maatjies | handjie |

a. Die seuns is op die rivier in 'n klein _____________

b. Sannie en Nora speel graag saam. Hulle is goeie __________

c. Die baba het haar ___________ beseer.

Vraag 7 Vorm samestellings van die volgende woorde: (2)

a. Duik + bril = ________________


b. Mamma + vis = ________________

______ / 20 (Afdeling B)

<u>Afdeling C : Skryf en Aanbied</u>

Skryf 'n hervertelling van 'n feesdag van enige kultuur van jou keuse. Maak gebruik van 'n kopkaart. (140-150 woorde)

Kopkaart



Rubriek

| Rubriek | Montlike punte | Leerder punte |
|---|---|---|
| Maak gebruik van kopkaart | 4 | |
| Skryf in paragraaf vorm | 4 | |
| Inhoud en styl | 4 | |
| Grammatika, spelling en leestekens | 5 | |
| Voorgeskrewe lengte | 3 | |
| Totaal | 20 | |

# Adeling D: Luister en Praat

Onvoorbereide lees

Gedig (Treklorrie)




## Treklorrie

Franci Greyling

Alles is nou ingepak,
alles in die huis:
die klere uit die klerekas,
die kos in die kombuis,
my speelgoed en my sokkerbal,
my skaatsplank en my fiets –
alles in 'n boks gepak
elke stukkie iets.

Maar nou wonder en wonder ek
waar pak ons my boomklimboom
as die lorrie ons goed kom trek?



Rubriek

| Rubriek | Moontlike punte | Leerder punte |
|---|---|---|
| Woorde korrek uitgespreek | 5 | |
| Vlot gelees | 5 | |
| Met Intonasie gelees | 5 | |
| Gebruik leestekens | 5 | |
| Totaal | 20 | |

_______ / 75 Totaal